# STRAFREGTELIKE AANSPREEKLIKHEID VIR HANDELDRYF IN VERBODE AFHANKLIKHEIDSVORMENDE MEDISYNE

deur

CORNELIS THEODORIS VOLSCHENK

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling
van die
vereistes vir die graad

MAGISTER LEGUM

aan die
UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: PROF. M.C. MARè

NOVEMBER 1992

Ek verklaar hiermee dat STRAFREGTELIKE AANSPREEKLIKHEID VIR HANDELDRYF IN VERBODE AFHANKLIKHEIDSVORMENDE MEDISYNE my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.

C T VOLSCHENK

UNISA
BIBLIOTEEK / LIBRARY
1993 -08- 2 3
345.277068 VOLS
01488560

**OPSOMMING**

Die Wet op Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe beheer tans die regsposisie betreffende die misbruik van dwelmmiddels. Drie klasse afhanklikheidsvormende medisyne word geskep waarvan slegs die handeldryf in verbode afhanklikheidsvormende medisyne bespreek word. Benewens die gewone betekenis van handeldryf, het die Wetgewer 'n uitgebreide betekenis daaraan gegee om begrippe soos "oorlaai", "toediening", "versending" en "voorskryf" in te sluit. Die vermoedens, wat die Wetgewer in die Wet ingebou het om die taak van die vervolging te vergemaklik, sowel as die voorvereistes vir die inwerkingstelling daarvan, word bespreek. Verbode Afhanklikheidsvormende medisyne word gelys in Deel I in die Bylae tot die Wet en die strekking van die bewyslas op die vervolging word bespreek. Geen statutêre regverdigingsgronde word geskep nie, maar die gemeenregtelike regverdigingsgronde behoort hier aanwending te vind. Opset blyk die vereiste skuldvorm te wees. Wet 101 van 1965 en Wet 41 van 1971 oorvleuel tot 'n sekere mate en by botsende bepalings sal die 1971-wet voorkeur geniet.

**SUMMARY**

The law with regard to the dependance-producing drugs is governed by the Act on the Misuse of Dependence-producing drugs. The Act distinguishes between three types of dependence-producing drugs and the work focuses only on prohibited dependence-producing drugs. The lawmaker gave extended interpretation to the term"dealing in" to include aspects like the transfer from one vehicle to another, administering, dispatching and prescription. Certain presumptions which lighten the burden of proof on the prosecution were introduced in the act and the prerequisites for their operation are discussed. No statutory defences are created but it is submitted that common law defences should apply. Intention is set down to constitute the required <u>mens rea</u>. Act 101 of 1965 and Act 41 of 1971 overlap on certain aspects where sections are in conflict with each other, the latter Act should receive preference.

# INHOUDSOPGAWE


1. Inleiding p 1

2. Handeldryf: p 5

   - Daadwerklike handeldryf p 7

   - Vermoedelike handeldryf p30

3. Verbode Afhanklikheidsvormende medisyne p41

4. Wederregtelikheid p44

5. Skuld p45

6. Algemeen p46

7. Slotsom p49

Aanhangsel "A"

Bibliografie

Lys van Gewysdes

Register van Wetgewing

Register van Begrippe

## 1. INLEIDING

Dwelmmiddels, en die gebruik daarvan, is reeds vanaf die vroegste tye bekend aan die mens. Duidelike aanduidings bestaan dat die bevolking van die antieke Ooste reeds so vroeg as 4 000 v.C. dwelmmiddels ingeneem het.[1] Die gebruik van medisyne per se kan egter nie veroordeel word nie; menige eers gevreesde siekte is al deur die ontwikkeling van 'n wondermiddel deur die mediese wetenskap genees. Die gemeenskap skep deur sy eie waarde-oordele egter sekere riglyne en skryf voor welke middels se uitwerking op die mens aanvaarbaar is, welke risiko's verdra kan word en les bes welke middels reguleer moet word en welke verbied moet word. Hierdie verbode middels word egter altyd steeds deur sekere tipes verbruikers begeer en dit bied dan 'n teelaarde vir gewetenlose dwelmsmokkelaars om daarin handel te dryf. Hierdie smokkelaars tree gewoonlik slegs vir eie finansiële gewin op sonder inagneming van die ernstige sosiale en maatskaplike implikasies wat hulle optrede kan inhou.

Die Suid-Afrikaanse Wetgewer het reeds sedert die draai van die eeu begin optree en pogings aangewend om handel in dwelmmiddels te verbied. Die eerste wetgewing teen handel in dagga het in 1903 die lig gesien.[2]

---

1. D Reed Drug Offences in South Africa (1978).

2. Dagga Prohibition Ordinance 48 of 1903 of the Orange River Colony.

Transvaal het in 1905 die invoer van Opium aangespreek.[3] Die "Doeane en Aksijnsrechten Wijzigingswet" Wet 35 van 1922 was die eerste na-Unie wetgewing en het die invoer, uitvoer, vervoer, versending, verkoop en gebruik van sekere gewoontevormende geneesmiddels soos opium, morfien en dagga verbied.[4] Die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers[5] het sedert 1928 die mantel teen dwelmhandel opgeneem en is op sy beurt weer vervang deur die Wet op Beheer van Medisyne en Verwante Stowwe.[6]

Alhoewel die Wet op Beheer van Medisyne en Verwante Stowwe, 1965 nog steeds van krag is, word die handeldryf in verbode dwelmmiddels hoofsaaklik deur die Wet op Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe en Rehabilitasiesentrums (hierna die Wet genoem)[7] beheer. Hierdie wet, wat op 6 Desember 1972 in werking getree het,[8] het sy pad vinnig deur die Parlement gevind; vanaf die Eerste Lesing op 4 Mei 1971 tot en met die oorweging van die Senaat se wysigings op 12 Mei 1971.[9] Die bepalings van hierdie Wet oorvleuel in 'n groot mate met die Wet op Beheer van Medisyne en Verwante Stowwe van 1965.[10] Die rede waarom die nuwe dwelmwetgewing nodig geag is, is soos volg deur

-------------------------

3. Opium Importation Ordinance 36 of 1905.

4. Artikel 10(1)(a).

5. Wet 13 van 1928.

6. Wet 101 van 1965

7. Wet 41 van 1971.

8 Regulasies 265 en 266 SK 3321 van 3 Desember 1971.

9. Kahn "Dagga and the Drugs Act" 1972 SALJ 105.

10. Sien p46 vir volledige bespreking.

sy edele dr.C P Mulder LV, destyds die Minister van Volkswelsyn en Pensioene, opgesom: "Ons bestaande strafbepalings het geblyk ontoereikend te wees om die verdowingsmiddelbedreiging die hoof te bied wat die Westerse beskawing oorstroom, en alhoewel ons ons miskien gelukkig kan ag dat dit nog nie by ons in sy kwaaiste epidemiese vorm behoorlik sy verskyning gemaak het nie, kan ons dit beslis nie bekostig om daarmee te talm om hierdie monster die nekslag toe te dien nie."[11] Ook die destydse amptelike opposisie, by monde van Sir De Villiers Graaff, het baie sterk oor hierdie aangeleentheid gevoel: "Niemand wat die welsyn van ons jeug op die hart dra of wat enige ondervinding, hoe onregstreeks ook al, gehad het met diegene wat verslaaf geraak het aan die misbruik van verdowingsmiddels, sal vir een oomblik die noodsaaklikheid van wetgewing ter bestryding van hierdie euwel, veral in Suid-Afrika, ontken nie."[12]

In S v Nkosi[13] som regter Marais die doel van die betrokke wetgewing soos volg op: "From this summary it is apparent that the policy of the Act is twofold:

(a) by drastic punishment and forfeitures and by far-reaching powers of investigation and interrogation, to stamp out or diminish, so far as possible, the growing social evil of abuse of habitforming drugs; and

---

11. Debatte van die Volksraad (Kolom 5997) 5 Mei 1971.

12. Debatte van die Volksraad (Kolom 6006) 5 Mei 1971.

13. 1972(2) SA753 TPD.

(b) through the activities of the National Advisory Board on Rehabilitation Matters and of rehabilitation centres, etc., to rehabilitate persons who have become addicted or habituated to such drugs."[14]

Die Wet het felle kritiek ontlok van sowel lede van die publiek as regspraktisyns.[15] Die grootste kritiek was gemik teen die swaar vonnisse wat voorgeskryf word en die feit dat die wet "went too far in its invasion of the liberty of the citizens and traditional processes of the criminal law."[16] Hierdie aspekte val egter buite die onderwerp van die skripsie en sal daar gelaat word. Die Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary[17], wat Wet 41 van 1971 gaan vervang, is op 15 Julie 1992 in Staatskoerant no.14143 gepubliseer vir algemene inligting. Die datum van inwerkingtreding was, tydens die skrywe van hierdie werk, nog nie bekend nie.

Die Wet op die Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe en Rehabilitasiesentrums, Wet 41 van 1971, tref 'n onderskeid tussen drie soorte afhanklikheidsvormende medisynes, te wete

i) Verbode Afhanklikheidsvormende Medisyne. ('n Stof in Deel I van die Bylae by die Wet vermeld.)

ii) Gevaarlike Afhanklikheidsvormende Medisyne. ('n Stof in Deel II van die Bylae by die Wet vermeld.)

-------------------------

14. Op 756 F-G.

15. Sien bv. Kahn Supra.

16. Kahn Supra p105.

17. Wet 140 van 1992

iii) Moontlike Gevaarlike Afhanklikheidsvormende Medisyne. ('n Stof in Deel III van die Bylae by die Wet vermeld.)

Verder word daar ook afsonderlike misdrywe vir die besit en die handeldryf in die verskillende tipes Afhanklikheidsvormende Medisynes geskep. Hierdie skripsie handel slegs met die handeldryf in Verbode Afhanklikheidsvormende Medisyne en daar sal nou voortgegaan word om die verskillende elemente van dié misdryf te bespreek.

## 2. HANDELDRYF

Artikel 2 van Wet 41 van 1971 bepaal: "Ondanks andersluidende wetsbepalings, is enigiemand -

(a) wat in verbode afhanklikheidsvormende medisyne of in 'n plant waaruit sodanige afhanklikheidsvormende medisyne vervaardig kan word, handeldryf; of

(b) .......

(c) .......

(d) .......

aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar -

(i) in die geval van 'n skuldigbevinding aan 'n oortreding van 'n bepaling van paragraaf (a) of (c) met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 25 jaar, of met sodanige gevangenisstraf sowel as 'n boete wat die hof goed vind."

------------------------

"Handeldryf" word in die woordomskrywingsartikel[18] soos volg omskryf: "met betrekking tot afhanklikheidsvormende medisyne of 'n plant waaruit sodanige medisyne vervaardig kan word, ook 'n handeling verrig in verband met die insameling, invoer, lewering, oorlaai, toediening, uitvoer, verbouing, verkoop, vervaardiging, versending of voorskryf daarvan." Hierdie omskrywing sluit heelwat begrippe in wat nie normaalweg as handeldryf beskou sal word nie en derhalwe kan na die begrippe as die "uitgebreide betekenis" van handeldryf verwys word.

Dit blyk uit die woordomsrywingsartikel dat 'n enkele handeling wat verrig word handeldryf konstateer en dat daar nie sprake hoef te wees van 'n deurlopende gedragslyn nie. In S v Mabuya[19] het die appèlhof beslis dat dit inderdaad die korrekte interpretasie van die artikel is.

Aangesien die voorganger van Artikel 2(a)[20] soortgelyke handelinge verbied het, kan beslissings wat onder die Wet uitgebring is ook gebruik word. So byvoorbeeld is daar uitdruklik in S v Mjoli[21] beslis dat die bedoeling van artikel 61(1)(c) van Wet 13 van 1928 was om handeldryf in afhanklikheidsvormende medisyne te verbied.

-------------------------

18. Artikel 1 Wet 41 van 1971.

19. 1979(3) SA1070(A) op 1077 E-F.

20. Artikel 61(1)(a),(b) en (c) van Wet 13 van 1928.

21. 1968(3) SA397(T) op 398 D.

Uit die Wet as geheel blyk gevolglik dat daar van twee tipes handeldryf melding gemaak word, naamlik (i) daadwerklike handeldryf, wat berus op die handeldryf in die gewone sin van die woord sowel as die uitgebreide betekenis in die woordomskrywingsartikel, en (ii), vermoedelike handeldryf. Die vermoedens word in artikel 10 van die wet geskep ten opsigte van handeldryf in dagga of ander verbode afhanklikheidsvormende medisyne. In sekere gegewe feitesituasies word vermoed dat die beskuldigde handel gedryf het in die verbode afhanklikheidsvormende medisyne. Die bewyslas rus dan op die beskuldigde om die teendeel te bewys.

I) DAADWERKLIKE HANDELDRYF

i) Gewone betekenis

Handeldryf word in die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal omskryf as "die koop en verkoop, ruil en verruil van goedere met die oog op wins."[22]

Dit blyk dus uit die omskrywing dat daar in die handelswêreld sekere vasgestelde betekenisse aan die term geheg word en dat die ander handelinge,gelys in die woordomskrywingsartikel van die wet, soos byvoorbeeld insameling, oorlaai en toedien nie daarby tuisgebring kan word nie. 'n Winsmotief speel gewoonlik ook 'n rol hierby.

-------------------------

22. Odendal op p352.

ii) Uitgebreide betekenis

Die woordomskrywing sluit selfs handelinge in wat nie van 'n kommersiële aard is nie.[23] Die rede vir hierdie wye omskrywing is volgens Milton[24] "a reflection of a legislative determination to suppress as far as possible every aspect of the provision of dependance-producing drugs to addicts and users.[25]

In die woordomskrywingsartikel word die aantal "uitgebreide betekenisse" van handeldryf voorafgegaan deur die woorde "in verband met". Die vraag wat nou beantwoord moet word is of dit enigsins relevant is en indien wel, watter interpretasie daaraan geheg moet word. Daar word aan die hand gedoen dat die Wetgewer hierdie woorde gebruik het juis om die trefwydte van die misdryf soos geskep in Artikel 2 (a) van die Wet te verbreed. Ek is van mening dat die volgende dictum van sy edele Regter Kumleben in S v Engelbrecht[26] die korrekte betekenis aan die woorde heg: "The words "in connection with" are prima facie words of extension (cf. Rabinowitz and Another v De Beers Consolidated Mines Ltd and Another 1958(3) SA619 (AD) at p 633). A generally accepted meaning of these words is "having to do with".

------------------------

23. S v Ntshingila 1980(3) SA883(N).

24. Milton & Gowling South African Criminal Law and Procedure; Volume III Statutory Crimes F3 p8.

25. Op bl.8 F3.

26. 1975(4) SA909(NPD) op 911 D.

The words include matters occuring prior to as well as subsequent to or consequent upon as long as they are related to the principle thing." Hierdie standpunt is dan ook bevestig in die appèlhofbeslissing S v Norden.[27] In hierdie verband het die vraag dan ook ontstaan of die middelman of agent wat as 'n skakel optree tussen die koper en die verkoper aan handeldryf skuldig is. In S v Mokoena en andere[28] het die beskuldigde in opdrag van ander persone die dagga by 'n Bantoevrou gaan koop en dit aan hulle gelewer. Die hof bevind dat hierdie optrede nie neerkom op handeldryf nie aangesien die oorhandiging van die dagga aan gemelde kopers nie lewering aan hulle is nie aangesien die lewering aan hulle regtens plaasgevind het toe die dagga aan hulle agent (die beskuldigde) oorhandig is. Dit word respekvol in oorweging gegee dat die beslissing onderhewig is aan kritiek. In bogenoemde uitspraak het die agbare regter nooit relevansie geskenk aan die woorde "handeling in verband met", soos vervat in die woordomskrywingsartikel nie. Die bedoeling van die Wetgewer is duidelik, veral as gekyk word na die aanhef tot die Wet, dat 'n wye uitleg aan die woorde geheg moet word om soveel as moontlik handelinge strafbaar te stel. Dit kan tereg betoog word dat die handeldryf nie sou kon geskied sonder die optrede van die agent nie, en dat hy derhalwe ook skuldig moet staan aan handeldryf.

------------------------

27. 1977(2) SA51(AD).

28. 1974(4) SA374(O).

In S v Govender[29] bevind waarnemende regter Friedman[30] dat daar 'n nexus moet bestaan tussen die handeling en die uiteindelike handeldryf en dat hierdie nexus "direct or casual and not too remote" moet wees. Die deelnemingsleer bied 'n natuurlike afbakening van die term "in verband met" en verseker dat onskuldige optrede nie binne die wye trefwydte van hierdie misdryf val nie.[31]

In S v Morgan, S v Watson[32] is ook bevind dat 'n persoon wat as 'n middelman in 'n transaksie optree nie aan handeldryf skuldig bevind kan word nie. In casu is die eerste appellant, wat in dieselfde huis as die verkoper woon en die dagga van die verkoper ontvang het en aan die koper ('n lokvink) oorhandig het, deur die verhoorlanddros aan handeldryf skuldig bevind. Die meerderheidsuitspraak in die appèl, by monde van regters Steyn en Van Heerden, het bevind dat die optrede nie neerkom op handeldryf nie aangesien die optrede nie 'n verskaffingsaktiwiteit daarstel nie en dat die wetgewer nie kon bedoel het dat die aktiwiteite wat 'n inherente deel van die koper en sy helpers se verkrygingsaktiwiteite behels, ook onder die vaandel van handeldryf moet val nie. Regter Erasmus het in sy minderheidsuitspraak bevind dat, op die bewese feite, die appellant as agent van die verkoper opgetree het en dat hy handel gedryf het in dagga deurdat hy 'n handeling verrig het in verband met die lewering van dagga. Ek stem volmondig met hierdie bevinding saam.

---

29. 1976(4) SA949(N).

30. Op 952 D.

31. Soos per regter Van Den Heever in S v Bester 1977(2) SA141(NKA) op 143 G.

32. 1979(2) SA609(O).

Die howe het in die ander afdelings van die Hooggeregshof nie akkoord gegaan met hierdie beslissing nie[33] en het die middelman se optrede ook as strafregtelik aanspreekbaar beskou. Die Kaapse Hooggeregshof het verder die saak aangeraak in S v Adams en Tien ander soortgelyke sake[34] en bevind dat die koper self nie ingesluit word by die omskrywing van "handeldryf" nie, maar dat die agent wat dagga gaan koop in opdrag van of op versoek van die koper en wat dit dan oorhandig of besorg aan hom, deelneem aan die euwel wat die Wetgewer wil bekamp. Hy vorm deel van die verspreiding van dwelmmiddels. Die crux van die uitspraak blyk te wees dat die agent van die verkoper binne die omskrywing "handeldryf" val, terwyl daar by die koper se agent gekyk moet word watter rol hy gespeel het - indien hy meer as 'n blote nuntius of geleibuis was, is hy skuldig aan handeldryf.

Die appèlhof het gelukkig kort na die Adams-saak die geleentheid gekry om die teenstrydige uitsprake van die verskillende afdelings van die Hooggeregshof op te klaar in S v Solomon.[35]

Die crux van die beslissing is geleë in die duidelike onderskeid wat getref word deur die Wetgewer tussen verskaffings- en verkrygingsaktiwiteite en die bedoeling dat slegs verskaffingsaktiwiteite strafbaar gestel moet word as handeldryf. Die appèlhof aanvaar, in

---

33. S v Batshise 1982(1) SA976(T).

S v Mashlangho 1983(4) SA292(T).

34. 1986(3) SA733(KPA).

35. 1986(3) SA705(A).

navolging van S v Majenge[36] en S v Ntshingila[37], dat 'n koper nie aan handeldryf skuldig bevind kan word nie. As redes word die volgende aangevoer:

i) Die betekenisvolle weglating van woorde soos "koop" en "bekom" in die omskrywing van handeldryf.

ii) Die duidelike onderskeid tussen handeldryf en besit, wat die Wetgewer hoog ag, sal verflou indien die koper in terme van die woordomskrywing ook as handelaar beskou word.

iii) Indien die wye uitleg gevolg word sal die agent altyd skuldig wees aan handeldryf selfs al weerlê hy die vermoede in Artikel 10(1)(a).

Die logiese uitvloeisel van die feit dat die koper nie skuldig kan wees aan handeldryf nie, is dat die agent of tussenganger wat dwelmmiddels koop ook nie daarin handeldryf nie. Dit kan immers nie die Wetgewer se bedoeling wees om die agent 'n groter strafregtelike aanspreeklikheid toe te reken as die koper namens wie hy gehandel het nie. Die middelman kan egter wel as 'n handelaar aanspreeklik gehou word as die vraag of sy optrede 'n verskaffingsaktiwiteit daarstel positief beantwoord word. Waar sy optrede beide 'n verskaffings- en 'n verkrygingsaktiwiteit insluit, sal hy ook skuldig wees aan handeldryf. Dit is dus van belang dat elke geval deeglik ondersoek moet word ten einde te bepaal watter aktiwiteit plaasgevind het voordat hy skuldig

-------------------------

36. 1978(2) SA661(O).

37. Supra.

bevind kan word aan handeldryf. Hierdie beskouing word algemeen in die praktyk aanvaar[38] alhoewel dit soms blyk dat die landdroste die uitspraak in die Solomon-saak verkeerd interpreteer. So byvoorbeeld merk regter Jones in S v Jackson; S v Phillips[39] op dat die landdros die uitspraak verkeerd geïnterpreteer het, nie as gevolg van onbevoegdheid nie, maar eerder as gevolg van die kompleksiteit van die beslissing en die probleme wat in die praktyk ervaar word met die toepassing van die beginsels neergelê in die Solomon-saak. Die beskuldigdes in beide hierdie hersieningsake het 'n derde persoon gestuur om die dagga te koop, wat hy dan weer op sy beurt, in die een geval aan sy kollegas gegee het, en in die ander geval aan sy vriende op 'n partytjie. Die beskuldigdes in die sake is deur die beheer-landdros skuldig bevind aan handel in dagga omdat hulle die dagga aan derdes oorhandig het. Die agbare hersieningsregter Jones bevind egter dat die beskuldigde nie eensklaps sy aard van koper na verkoper verander sodra hy die dagga aan derdes oorhandig nie, maar dat elke saak volgens die feite beoordeel moet word.

Na hierdie bespreking oor die inleidende gedeelte van die definisie, kan daar nou voortgegaan word met die bespreking van die individuele begrippe daarin.

---

38. S v Williams 1987(3) SA126(E).

39. 1987(3) SA126 op 130 C.

a) INSAMELING

Insamel word in die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal beskryf as die bymekaarmaak, versameling of binnehaal van iets, gewoonlik van 'n oes.[40] In die praktyk lewer dit nie probleme op nie. 'n Soortgelyke betekenis is in S v Singh and others[41] daaraan geheg waar regter O'Hagan verklaar: "The ordinary meaning of "collect" is to gather in or together, to assemble. The equivalent used in the Afrikaans text of the sub-section is "insamel". It thus appears to me that the offence of collecting dagga does not embrace conduct which amounts to no more than the acquisition, calling for or fetching a consignment or quantity of the plant."

Sedert die inwerkingtreding van die Wet op die Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe en Rehabilitasiesentrums is die term net by een geleentheid onder die loep geneem. In S v Govender[42] het die hof beslis dat die blote feit dat 'n beskuldigde 'n ander persoon na 'n plek vervoer het met die doel om dagga te gaan haal, nie neerkom op insameling nie. Sy edele regter Friedman verklaar: "The word "insameling" clearly connotes the meaning of a gathering or bringing together, and is not consistent with the notion of merely fetching."[43]

---

40. Odendal p458.

41. 1960(3) SA489(E) op 489 G.

42. S v Govender Supra.

43. Op 951 G.

b) INVOER

Die term invoer impliseer die inbring van goedere vanuit 'n vreemde land. Die proses van invoer is afgehandel sodra 'n persoon die grenspos/doeanepos deurgegaan het; daar is absoluut geen meriete om dit deur te voer na die latere besit van die verbode middel nie.[44] In die Norden-saak het die appèlhof die vraag oopgelaat of die invoer 'n kommersiële konnotasie moet hê.[45] Die Vrystaatse Hooggeregshof het in S v Crawford and another[46] beslis dat die invoer van dagga vir persoonlike gebruik nie as invoer aangemerk kan word nie. Sy edele regter De Wet het beslis dat die term invoer in die wet 'n kommersiële konnotasie het. Hierdie standpunt motiveer hy deur te verwys na die jukstaposisie van die woorde "invoer" en "uitvoer" in die woordomskrywingsartikel sowel as die feit dat die res van die begrippe wat in die artikel vervat is ook in 'n mindere of meerdere mate 'n kommersiële konnotasie het. By appèl het die appèlafdeling hierdie mite die nek ingeslaan en bevind dat daar nie sprake hoef te wees van 'n winsmotief by invoer of dat dit enigsins 'n kommersiële konnotasie moet hê nie.[47] Appèlregter Rabe kom tot hierdie gevolgtrekking nadat hy opmerk dat die woord verkoop in die wet ook 'n nie-kommersiële betekenis aanneem.[48] Hy verwys ook na S v Gibson

-------------------------

44. S v Norden Supra op 58 A.

45. S v Norden Supra op 57 E.

46. 1978(1) SA640(O).

47. S v Crawford and another 1979(2) SA48(A).

48. 1974(4) SA478(A).

waar bevind is dat verkoop ook van die hand sit sonder teenprestasie kan insluit, asook na S v Kgupane en andere[49] waar bevind is dat verbouing van dagga, al is dit vir eie gebruik, ook handeldryf daarstel. Die Wetgewer se bedoeling is duidelik dat die woorde nie 'n kommersiële konnotasie moet hê nie. Dit is gedoen om deurgaans die onderskeid wat getref word tussen die handelaar en die gebruiker van dwelmmiddels te handhaaf. Uit die beslissing in S v Motete[50] kan afgelei word dat die hoeveelheid irrelevant is by invoer.

Ook op hierdie aspek behoort daar meer duidelike riglyne deur ons howe geskep te word. Soos die posisie op die oomblik is sal 'n persoon wat 'n enkele daggazol die land inbring ook skuldig wees aan handeldryf, iets wat weereens met die bedoeling van die Wetgewer bots.

c) LEWERING

In S v Ncube[51] verduidelik regter Phillips die trefwydte van die woord "lewering" soos volg: "Delivery to a detentor may or may not constitute a "dealing in", depending on circumstances. The word "sale" is also wide, as has often been noted. But, in my view, it must also bear a certain colour. The word "disposal" connotes "van die hand sit" or "wegmaak" (S v Gibson, Supra at p480 G-H) and because of the sense

-------------------------

49 1975(2) SA73(T).

50. 1977(1) PH H90(0).

51. 1977(3) SA745(T) op p746E.

of finality it conveys, is not capable, in my view, of including the handing over for more temporary detention." Hierdie standpunt word dan ook in die appèlhof, by monde van appèlregter Smalberger, bekragtig waar hy in S v Solomon[52] opmerk: "Die wetgewer het, myns insiens, egter nie bedoel om die wye betekenis van besorging aan die woord "lewering" toe te skryf nie." Myns insiens is hierdie nie die korrekte interpretasie wat aan die woord lewering geheg word nie. Die aanvaarbare betekenis van die woord "lewering" is die verskaffing of besorging van 'n artikel. Die Engelse teks van die wet gebruik die term "supply" terwyl die korrekte vertaling daarvan eerder "delivery" is.[53] Die onderskeid tussen die twee begrippe is dat "delivery" 'n wyer omskrywing bied en ook die tydelike verwisseling van 'n item insluit[54] terwyl daar by "supply" sprake moet wees van 'n finaliteit in die verwisseling.[55] Die Afrikaanse teks is deur die Staatspresident onderteken en as sodanig behoort dié wyer betekenis na regte die voorrang te geniet. Weens die magdom betekenisse wat die woord "lewering" het, het die howe die begrip begin afbaken. In S v Baadjies[56] is lewering beperk deur te sê dat die persoon wat die dwelmmiddel lewer die bedoeling moet hê dat die ontvanger of verder daarin handeldryf of dit self gebruik.

---

52. Supra op 711 H.

53. S v Coetzer and another 1976(2) SA769(AD).

54. S v Rowles 1977(2) SA440(O).

55. Ncube Supra.

56. 1977(3) SA737(OK).

As daar gekyk word na die gewone betekenis van "lewering" is dit duidelik dat 'n blote oorhandiging van 'n artikel voldoende is vir die handeldryf daarin en dat die bedoeling waarmee dit gedoen word nie relevant is nie[57]. Ek is van mening dat die benadering te verkies is bo die van Baadjies aangesien dit heeltemal irrelevant is wat die verkryger met die dwelmmiddel wil maak. Geen bepaling in die wet regverdig so 'n konstruksie nie. In verskeie beslissings[58] is bevind dat daar 'n mate van finaliteit by die oorhandiging moet wees alvorens daar van "lewering" sprake kan wees.

Wat die aspek van lewering deur 'n agent of middelman betref, het daar op 'n stadium stemme opgegaan dat die prinsipaal, en nie die agent nie, aanspreeklik gehou moet word vir handel. Dit is in navolging van die privaatregtelike beginsel van middelike aanspreeklikheid.[59] Na die appèlhofbeslissing in Solomon[60] soos hierbo bespreek, behoef hierdie aangeleentheid nie verdere bespreking nie.

d) OORLAAI

Die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal[61] omskryf oorlaai as "van een vaar- of voertuig op 'n ander laai." Hieruit volg dit dus dat daar altyd sprake moet wees van twee voertuie. Blote aflaai of oplaai

---

57. S v Gwabeni 1977(2) SA27(OK).

58. S v Walker 1979(2) PH H142(K); S v Majenge Supra; S v Ncube Supra.

59. S v Mngadi 1969(1) SA129(N); S v Malambo 1971(4) SA172(N); S v Mokoena Supra.

60. Supra.

61. Odendal Op p 787.

sonder dat daar 'n ander voertuig betrokke is sal nie binne die term val nie.[62]

e) TOEDIENING

Die woord het 'n duidelike mediese konnotasie en dit word bevestig deur die gebruik van die woord in Artikel 5 van die Wet in samehang met die term mediese voorskrif. Daar kan slegs van toediening sprake wees as die middel per mond of binne-aars ingeneem word. Dit sal dus nie die rook van 'n daggapyp insluit nie. Logies volg dit ook dat die woord slegs op die toediener betrekking het en nie op die ontvanger nie. Derhalwe moet die beslissing in S v Mphela,[63] waar beslis is dat "toedien" beperk moet word tot rook, verwerp word. So 'n interpretasie sal beteken dat elke roker van 'n daggapyp skuldig sal wees aan handeldryf aangesien "toedien" as een van die "uitgebreide betekenisse" van handeldryf gelys word. Die Wetgewer het sekerlik nie so 'n belaglikheid beoog nie. In R v Matthews[64] is beslis, in 'n geval waar 'n persoon 'n oordosis drank ingegee is, dat "toedien" slegs van toepassing is waar een persoon die middel aan 'n ander gee en nie op gevalle waar die ontvanger self die stof inneem nie.

---

62. S v Dube 1978(1) PH H111(NC).

63. 1987(2) SA643(T).

64. R v Matthews 1950(3) SA671(N) op 673 F-G.

f) UITVOER

In S v Milandri[65] is beslis dat "uitvoer" die versending of die uitneem van goedere na 'n vreemde land is. Dit is ook irrelevant of die uitvoer permanent is of nie.[66] Dit word ook voorgehou dat, in navolging van die beginsels wat neergelê is by die invoer van dwelmmiddels, die uitvoer nie vir finansiele gewin hoef te wees nie en dat daar van uitvoer sprake kan wees selfs al is dit net vir persoonlike gebruik.

g) VERBOUING

Verbouing van enige plant waaruit 'n afhanklikheidsvormende medisyne vervaardig kan word kom neer op handeldryf. In 'n hele reeks beslissings[67] is die betekenis van "verbou" gestel as die bevordering, stimulering of aanhelp van die groei van 'n plant. Die volgende handelinge is al in ons regspraak as verbouing beskou, nl: omspit,[68] die uittrek van onkruid[69] en die natlei van plantjies[70]. In S v Van Zyl[71] kom sy edele regter James tot die gevolgtrekking dat die natgooi van drie daggaplantjies wel binne die omskrywing van handeldryf val maar dat die de minimis non curat lex-leerstuk

---

65. 1974(1) SA174(RAD).

66. Op 176 H. Sien ook Reed p 8.

67. S v Van Der Merwe 1974(4) SA310(E); S v Van Zyl 1975(4) SA686(NC);

68. S v Van Zyl Supra.

69. R v Potgieter Supra op 751 H.

70. S v Van Zyl Supra; S v Van Der Merwe Supra.

71. 1975(2) PH H128(N).

aanwending vind. Hierdie beslissing is bespreek deur Snyman[72] en Klopper.[73] Snyman kritiseer die beslissing en verklaar dat die handeling neerkom op handeldryf en dat die de minimis-leerstuk nie aanwending behoort te vind in gevalle waar die gemeenskap as geheel se belange aangetas word nie. Verder voer hy aan dat die Wetgewer die persoon is wat moet ingryp en 'n onderskeid moet tref tussen ernstige en geringe oortredings van die artikel en dit nie die taak van die howe is om dit te probeer doen nie. Klopper steun hierdie standpunt van Snyman en voeg by dat ons howe se plig slegs is om die wet toe te pas soos hulle dit vind, om reg te spreek en nie om reg te skep nie. Voor die inwerkingtreding van die 1971-wet is bevind dat die blote feit dat iemand in besit is van 'n daggasaadjie[74] en die feit dat dagga op 'n land of in 'n tuin gevind is,[75] nie sonder meer handeldryf daarstel nie. Die ratio vir hierdie bevindings was dat daar getuienis aliunde moet wees om 'n afleiding te regverdig dat daar inderdaad verbouing daarvan was. Artikel 10(1)(b) van die wet skep ook 'n vermoede van handeldryf waar plante op bewerkte grond gevind is.[76]

h) VERKOOP

Handeldryf in die vorm van verkoop is sekerlik een van die verskyningsvorms wat die meeste in die praktyk aanwending vind.

-------------------------

72. C R Snyman "Watering the Dagga Pot-plant: A questionable reward 1975" SALJ p372.

73. C F Klopper " S v Van Zyl 1975(2) PH H128(N); 1976 THRHR p 184.

74. R v Dhlamini 1957(2) PH H161(N).

75. S v Mkhungo 1968(3) SA106(N); S v Ndaba Supra; S v Buthelezi Supra.

76. Sien hieronder by afdeling oor vermoedelike handeldryf - p29.

Benewens die gewone betekenis van verkoop soos wat in die algemene handelswêreld aanvaar word, skep die wetgewer ook 'n uitgebreide betekenis van verkoop.[77] In die woordomskrywingsartikel word bepaal dat "verkoop" met betrekking tot afhanklikheidsvormende medisyne of 'n plant waaruit sodanige medisyne vervaardig kan word, ook beteken vir verkoop aanbied, adverteer, besit, of uitstal, van die hand sit, hetsy teen 'n teenprestasie of andersins, of verruil, en dat "verkoop" as 'n selfstandige naamwoord 'n ooreenstemmende betekenis het. Die onsekerheid wat geheers het oor welke vorms van verkoop inderdaad sou neerkom op handeldryf is eers opgeklaar met die appèlhofbeslissing in S v Hamukota.[78] Die beskuldigde is by 'n padblokkade betrap met 418 gram dagga in sy voertuig versteek, en skuldig bevind aan handeldryf nadat hy nie geslaag het om die vermoede soos neergelê in Artikel 10(1)(e) van die Wet te weerlê nie. Die hof beslis dat die definisies van "handeldryf", "verkoop" en "besit" soos in die woordomskrywingsartikel uiteengesit saamgelees moet word ten einde die trefwydte van die begrip te bepaal.

i) Aanbied vir Verkoop

Die strafregtelike omskrywing van 'n aanbod verskil drasties van die kontraktuele begrip van "aanbod". In Crawley v R[79] is bevind dat daar in laasgenoemde geval 'n aanbod deur die koper gemaak word en dat die verkoper die opsie het om die aanbod te aanvaar of te verwerp. Volgens die Wet, met sy wye omskrywing van

---

77. In die woordomskrywingsartikel van die wet.

78. 1977(3) SA604(A).

79. 1909 TS 1105.

verkoop, is dit egter die verkoper wat die aanbod maak, en selfs die adverteer en uitstal van die middels is 'n handeling wat neerkom op handel- dryf daarin. In S v Tow[80] is 'n persoon wat 'n voornemende koper na die plek neem waar 'n dwelmmiddel te koop aangebied word, skuldig bevind aan handeldryf aangesien bewys is dat sy optrede neerkom op die maak van 'n aanbod. Dit is nie eers nodig dat hy die eienaar of die besitter van die dwelmmiddel hoef te wees nie. Selfs al sou die gevolgtrekking verwerp word, sal die persoon nog steeds aanspreeklik wees vir handeldryf aangesien hy 'n handeling verrig het in verband met die verkoop daarvan.[81]

ii) Adverteer vir Verkoop

In die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal[82] word adverteer omskryf as "in die openbaar bekendmaak deur middel van koerante, omsendbriewe, plakkate op mure, die radio, televisie, die film, neonlig, uitstallings, ens." Die dwelmhandelaar kan die aard van sy besigheid skriftelik of mondelings adverteer. Dit is sekerlik onwaarskynlik dat die handelaar sy ware in die openbare pers sal adverteer, maar indien dit gebeur moet daarop gelet word dat hy adverteer selfs voordat die advertensie in die pers verskyn het.[83] Ek huldig die mening dat die blote wilsbesluit om te

---

80. 1975(4) SA686(NK).

81. Op 688 H.

82. Odendal op p18.

83. R v Alexander 1954(3) SA383(N).

adverteer en die daaropvolgende opstel van die advertensie alreeds sal neerkom op handeldryf aangesien dit 'n "handeling verrig in verband met" die verkoop van 'n dwelmmiddel is. Die standpunt strook nie met die woordeboekbetekenis van "adverteer" nie, maar gesien as die uitgebreide betekenis van die term "handeldryf", kan dit inderdaad op handeldryf neerkom.

iii) <u>Besit vir Verkoop</u>

Die blote besit van verbode afhanklikheidsvormende medisyne word verbied deur Artikel 2(b) van die Wet. Indien die persoon die middel besit met die doel om dit te verkoop, sal sy optrede hom skuldig maak aan handel in die dwelmmiddel.[84]

Die vraag of die persoon inderdaad dwelmmiddels besit het met die doel om dit te verkoop, kan afgelei word uit die omstandighede van elke saak. Die hoeveelheid wat gevind is[85], die manier waarop dit verpak is (byvoorbeeld in arms of vingers in die geval van dagga), die aan- of afwesigheid van verpakkingsmateriaal en van groot hoeveelhede kontant, ensovoorts is alles omstandighede wat aanduidend kan wees dat die verbode afhanklikheidsvormende medisyne besit word met die doel om te verkoop. Hierdie lys is nie volledig nie en verskeie ander faktore kan denkbaar ook op die handeldryfaspek dui.

---

84. <u>S v Ebrahim and others</u> 1974(2) SA78(N) op 81; <u>S v Majola</u> 1976(1) SA339(NPD); <u>S v Maphile</u> 1975(1) SA647(NC).

85. Sien Artikel 10(1)(a) vermoede wat later by vermoedelike handeldryf bespreek word. <u>S v Cronje</u> 1976(2) SA62(C).

In S v Hoosain[86] is bevind, in die geval waar 'n persoon aangekla is van besit van Mandrax met die doel om dit te verkoop, dat "Appellant is therefore presumed to have dealt in Mandrax tablets in that he posessed them for sale, whether or not he personally intended selling them." Dit spreek vanself dat die beskuldigde, al is hy nie self die verkoper nie, moes besef het dat die tablette vir verkoop bestem is.[87] Hier moet egter in gedagte gehou word dat die blote besit van Mandrax as handeldryf beskou kan word as die vermoede in Artikel 10(1)(a) in ag geneem word.

iv) Uitstal vir Verkoop

Die term beteken die ten toon stel van die items. Op die oog af blyk dit dieselfde betekenis te hê as aanbied om te verkoop. Ek huldig egter die standpunt dat die Wetgewer 'n ander betekenis hieraan wou gee en daarom is die twee verskillende terme gebruik. Dit blyk uit die beslissings in R v Balla, R v Patel[88] dat hierdie uitstal moet geskied met die bedoeling om te verkoop alvorens daar sprake kan wees van handeldryf. Daar kan egter die meeste van die tyd uit die uitstalling afgelei word dat dit gedoen word met die bedoeling om te verkoop.[89]

---

86. 1987(3) SA1(AD).

87. Sien ook S v Batshise Supra.

88. 1940 CPD 244.

89. Weereens moet die omstandighede van elke geval beoordeel word.

v) Van die hand sit - met of sonder 'n teenprestasie

Die algemene betekenis van "van die hand sit" is die oorhandiging, oordra of ontslae raak van 'n item. Dit impliseer 'n mate van permanensie en derhalwe sal die oorhandiging van 'n daggasigaret tussen mede-rokers wat die sigaret deel, nie binne die omskrywing in die wet val nie[90] aangesien die bedoeling by die oorhandiging van die sigaret nie 'n permanente ontslaeraak daarvan beteken nie. 'n Teenprestasie word in die algemeen gesien as 'n quid pro quo of vergoeding.[91] Dit word aan die hand gedoen dat dit nie noodwendig 'n gelyke teenprestasie hoef te wees nie en dat enige teenprestasie binne die omskrywing sal val. Geen winsmotief is derhalwe hier ter sprake nie.

Die Wetgewer het die betekenis "van die hand sit" egter uitgebrei en selfs "van die hand sit" sonder enige teenprestasie word hierby ingesluit. Hierdie wye omskrywing hou ernstige gevolge in aangesien die persoon wat die daggasigaret aan sy vriend oorhandig nou ook binne die omskrywing van handeldryf val. In S v Gibson[92] het appèlregter Holmes die posisie soos volg opgesom: "At the same time, it is worth mentioning that certain tragic hardships can arise from contraventions of a comparatively

---

90. S v Du Preez 1976(2) PH H127(C).

91. Fonds Adviseurs Bpk v Trust Bank van Afrika Bpk 1974(4) SA883(A).

92. 1974(4) SA478(A).

minor nature, e.g. a gift of a single reefer, because of the formidable combination of (a) the very extensive definition of "deal in" and "sell" and (b) the mandatory sentence of a minimum of five years imprisonment for a first conviction."[93] Die appèlhof het in S v Joubert[94] bevestiging gegee dat die skenk van 'n daggasigaret neerkom op die "van die hand sit" daarvan. Die appèlhof het in S v Collins[95] bevestig dat die geisoleerde, toevallige verskaffing van 'n enkele Mandrax tablet aan 'n kollega, sonder winsbejag, wel neerkom op handeldryf, maar dat die landdros fouteer het deur dit as 'n gewone of suiwer vorm van handeldryf te beskou. Bogenoemde drie sake kan onderskei word van die beslissing in S v Du Preez omdat die bedoeling van die beskuldigdes in die drie sake was om permanent van die verbode afhanklikheidsvormende medisyne ontslae te raak.

vi) Verruil

Die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal[96] omskryf "ruil" as verwisseling of die omruiling van een ding vir 'n ander.[97] Reed huldig die mening dat "verruil" een van die verskyningsvorme van

---

93. Op p 481-482.

94. 1976(1) PH H91(A). Danster 1976(2) SA668(SWA)

95. 1990(1) SASV577 (A).

96. Odendal op 921.

97. Reed Supra op p 20.

"van die hand sit vir 'n teenprestasie" is en geen verdere bespreking verg nie. Die mening word ook gehuldig dat dit dus nie nodig was vir die Wetgewer om "verruil" ook as 'n vorm van handeldryf in te sluit nie. Ek is egter van mening dat albei wel 'n bestaansreg in die Wet het. 'n Ruilkontrak is 'n suiwer verbintenisskeppende ooreenkoms en derhalwe vind die ruil plaas by die sluiting van die kontrak al het die fisiese uitruil van goedere nog nie plaasgevind nie. Hierdie interpretasie verbreed weereens die trefwydte van die begrip handeldryf in die Wet.

In S v Bodigelo[98] was getuienis voor die hof gebring dat die beskuldigde dagga in sy besit gehad het met die doel om dit te verruil vir die dienste van 'n toordokter. Die geleerde regter beslis dat "besit vir verruil" nie neerkom op handeldryf nie. Hierdie beslissing doen egter geen afbreuk aan die feit dat verruil ook as 'n vorm van handeldryf beskou word nie. Sou die beskuldigde in bogenoemde saak reeds die dagga oorhandig het in ruil vir die dienste van die toordokter sou 'n skuldigbevinding aan handel in dagga noodwendig gevolg het. Die beslissing is egter vatbaar vir kritiek. Uit die feite van die saak word afgelei dat die beskuldigde juis die dagga besit het met die doel om daarmee handel te dryf in die gewone betekenis van die woord.

---

98. 1982(3) SA568(NK).

i) VERVAARDIGING

"Vervaardiging" word in die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal [99] omskryf as die maak, saamstel of produsering, deur middel van handearbeid of die meganika, van 'n produk uit 'n rou grondstof. Hierdie omskrywing is in verskeie beslissings met goedkeuring aangehaal.[100] Die beslissings toon ook duidelik aan dat die finale produk 'n karakter van sy eie moet hê wat wesenlik van die van die grondstof verskil. Die Wetgewer het in die woordomskrywingsartikel 'n uitgebreide betekenis van "vervaardig" met betrekking tot afhanklikheidsvormende medisyne geskep. Daar word bepaal dat vervaardiging ook "die bereiding, ekstrahering of voortbrenging daarvan" insluit. Volgens Milton [101] kan dit die bereidingsproses, sowel die aanvanklike voorbereidings as die tegniese proses om chemikaliee te sintetiseer, insluit.

j) VERSENDING

"Versending" in die konteks waarin dit gebruik word, beteken blykbaar die wegstuur of afstuur van items. Die hoeveelheid, bestemming of wyse van versending blyk irrelevant te wees. Die Wetgewer se bedoeling was om die totale handelsnetwerk uit te wis en dus word die blote versending strafbaar gestel. Indien die stof versend word na 'n

---

99. Odendal op p 1273

100. Buxton v Barfield (1902) 23 NLR 197; S v Clearwater Tea Manufacturing (Pty) Ltd 1975(3) SA865(RAD).

101. Milton Supra op F 3 p 13.

bestemming buite die landsgrense, sal dit ook binne die omskrywing van uitvoer val. Die hoeveelheid en die aard van die verpakking speel eers 'n rol in die ondersoek na strafversagtende of strafverswarende omstandighede.

k) VOORSKRYF

'n Voorskrif is die riglyn wat neergelê word vir die voorbereiding en die gebruik van medisyne. Uit die beslissing in R v Mpunzi[102] word afgelei dat 'n diagnose die voorskrif moet voorafgaan. Daar kan egter nie saamgestem word met hierdie beslissing nie. Die maak van die diagnose is nie 'n voorvereiste vir "voorskryf" nie. Dit blyk dat die agbare regter met dié beslissing wou aandui dat slegs die mediese professie kan voorskryf.

l) VERMOEDELIKE HANDELDRYF

In die praktyk is dit dikwels baie moeilik om direkte handeldryf in enige van die bogenoemde vorme te bewys. Die Wetgewer het dit besef en toe die vervolging se taak vergemaklik deur sekere strafregtelike vermoedens in die Wet in te bou. Die invoeg van hierdie vermoedens in die Wet druis egter direk in teen die algemene bewysregbeginsels. Die algemene beginsel soos in strafsake neergelê is dat die bewyslas op

---

102. 1938 EDL 317.

die vervolging rus om bo redelike twyfel te bewys dat die beskuldigde die misdryf, waarvan hy aangekla is, gepleeg het. Slegs in uitsonderlike gevalle dra die beskuldigde die bewyslas. Die vraag ontstaan dus of die euwel wat die Wetgewer wil bekamp werklik so groot is dat dit die beperking van die beskuldigde se regte regverdig. Die vermoedens, soos uiteengesit in Artikel 10(1) van die Wet, is vir die doeleindes van die skripsie van belang. Dit omskryf die omstandighede waaronder vermoed word dat 'n persoon handeldryf; met ander woorde dit bepaal die feitebasis wat gelê moet word deur die Staat alvorens die vermoede in werking tree. Die bewyslas val dan op die beskuldigde om op 'n oorwig van waarskynlikhede te bewys dat hy nie handel gedryf het nie.[103]

a) <u>Artikel 10(1)(a)</u>

Artikel 10(1)(a) van die wet lees soos volg: "Indien dit by 'n vervolging weens 'n misdryf ingevolge Artikel 2 bewys word dat die beskuldigde in besit gevind is van

i) meer as 115 gram dagga volgens massa;

ii) enige verbode afhanklikheidsvormende medisyne,

word dit geag dat die beskuldigde in sodanige medisyne handel gedryf het, tensy die teendeel bewys word."

-------------------------

103. <u>S v Guess</u> Supra; <u>S v Radloff</u> 1978(4) SA66(A).

Wat betref die vermoede in Artikel 10(1)(a)(i) moet die staat bewys dat die beskuldigde in besit gevind is van dagga waarvan die massa 115 gram oorskry. Die betekenis van die term "besit" moet eerstens ondersoek word alvorens die term "in besit gevind is" ontleed kan word. "Besit" bestaan uit twee elemente, naamlik die fisieke element (<u>corpus</u>) en die geestelike element (<u>animus</u>). Die <u>corpus</u>-element dui op die feitlike beheer wat 'n persoon oor 'n betrokke saak uitoefen en beteken nie dat die persoon in voortdurende aanraking met die saak hoef te bly nie. Die <u>animus</u>-element behels dat die besitter wilsbevoeg moet wees, dat die besitter bewus is van die feit dat die saak in sy fisieke beheer is en die besitter moet sy wil direk op die besit van die saak rig. Die term "in besit gevind is" het al in menige beslissings onder die aandag van ons howe gekom. In die appèlhofbeslissing van <u>R v Moosa and others</u>[104] is bevind dat daar 'n duidelike onderskeid is tussen "in besit wees" en "in besit gevind word." Laasgenoemde term impliseer dat die hoeveelheid dagga gevind moes gewees het op 'n tydstip toe die beskuldigde besit daarvan gehad het.[105] Uit die beslissing in <u>S v Skhosana</u>[106] blyk dit duidelik dat die beskuldigde fisies teenwoordig moes wees toe die verbode afhanklikheidsvormende medisyne gevind is. Dit staan vas dat die begrip slaan op daadwerklike besit van meer as 115 gram dagga en nie op besit wat bewys word deur middel van die vermoede van onmiddellike nabyheid neergelê in Artikel 10(3) nie.[107]

---

104. 1960(3) SA517(A) op 530 C-D.

105. <u>S v Wilson</u> 1962(2) SA619(A); <u>S v Hoosain</u> Supra.

106. 1973(1) SA322(O).

107. <u>S v Phungula</u> 1974(2) SA58(N).

Die vervolging moet voorts ook bewys dat die stof wat gevind is dagga is[108] en dat dit meer as 115 gram volgens massa was. Die onus rus op die vervolging om die werklike gewig van die dagga te bewys.

In S v Pennels[109] is daar beslis dat waar die gewig slegs die 115 gram grens in 'n geringe mate oorskry die vermoede nie in werking tree nie. Met hierdie beslissing kan daar nie saamgestem word nie; die vermoede vind nog steeds aanwending - dit mag dalk net makliker vir die beskuldigde wees om dit te weerlê deur aan te voer dat hy die dagga vir sy eie gebruik besit. Ook die beslissing in S v Kubeka,[110] dat die vermoede nie toegepas kan word indien nat daggaplante ter syde is weens die hoe voginhoud daarvan, moet verwerp word. Nêrens in die wet word daar 'n onderskeid getref tussen nat en droë dagga nie. Alvorens hierdie vermoede in werking tree moet die vervolging eers bewys dat die dwelmmiddel in die beskuldigde se besit gevind was. "Besit" word in die woordomskrywingsartikel omskryf as "ook hou, opberg of in bewaring of onder beheer of toesig hê en het "besit" wanneer as selfstandige naamwoord gebruik, 'n ooreenstemmende betekenis." In S v Jacobs[111] is 6 sakke dagga in die appellant se motorhuis gevind. Hy het aangevoer dat hy die sakke vir 'n vriend geberg het wat sy huurhuis moes ontruim, en dat hy nie bewus was van die inhoud van die sakke nie. Appèlregter Van Heerden bevind dat "besit" beide 'n corpus-element en 'n animus-element bevat.

---

108. Sien hieronder by die bespreking van verbode afhanklikheidsvormende stowwe oor hoe die staat die aspek kan bewys.

109. 1977(1) SA809(N).

110. 1972(1) PH H(5) 58(N).

111. 1989(1) SA562(A).

Eersgenoemde kan rofweg beskryf word as die fisiese beheer oor die dwelmmiddel. Dit is by die gedeelte van die besit nie nodig dat die beskuldigde moes geweet het dat die stof wat hy beheer dagga is nie. Die animus-element word omskryf as die wilsvereiste om 'n spesifieke handeling te verrig. Hierdie element is vatbaar vir twee vertolkings, naamlik (i) die wilselement moet gerig wees op die besit van die dwelmmiddel self en (ii) die wilselement is slegs gerig op die beheer van die pakkie, ongeag die inhoud daarvan. Appèlregter Van Heerden merk tereg op dat die eerste vertolking die korrekte is - iemand kan tog nie onbewustelik handeldryf in dagga nie. Indien die beskuldigde dagga in sy besit gehad het sonder om te weet dat dit dagga is, ontbreek die animus-element en is die beskuldigde geregtig op vryspraak. Opset om handel te dryf, of die gebrek daaraan, kom eers ter sprake as die hof bevind dat die beskuldigde wel gehandel het (dit wil sê die dwelmmiddel besit het). Die Staat moet dus bewys dat die animus van die beskuldigde op die beheer van die afhanklikheidsvormende medisyne as sodanig gerig word alvorens die vermoede in Artikel 10(1)(a) in werking tree.

Die vermoede in Artikel 10(1)(a)(ii) word in werking gestel deur die bewys deur die vervolging dat die beskuldige in besit gevind is van 'n verbode afhanklikheidsvormende medisyne, soos vervat in Deel I van die Bylae tot die Wet op Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe en Rehabilitasiesentrums.[112]

---

112. Vir 'n volledige lys van die verbode afhanklikheidsvormende stowwe sien Aanhangsel "A".

b) <u>Artikel 10(1)(b)</u>

Die vermoede in Artikel 10(1)(b) lees soos volg: "Indien dit by 'n vervolging weens 'n misdryf ingevolge artikel 2(a) bewys word dat die beskuldigde die eienaar, okkupeerder, bestuurder of persoon in beheer van bewerkte grond was op 'n datum waarop daggaplante op bedoelde grond gevind is, van die bestaan waarvan die beskuldigde bewus was of redelikerwys verwag kon word om bewus te gewees het, word dit geag dat die beskuldigde in daardie plante handel gedryf het, tensy die teendeel bewys word." Die vervolging moet die volgende bewys alvorens die vermoede in werking kan tree, naamlik (i) dat die beskuldigde die eienaar, okkupeerder, bestuurder of persoon in beheer was van bewerkte grond waarop daggaplante gevind is; (ii) dat die beskuldigde bewus was of redelikerwys verwag kon word om bewus te gewees het van die dagga. Sodra hierdie aspekte deur die staat bewys is, is die enigste kans vir vryspraak vir die eienaar, bestuurder of persoon in beheer van die bewerkte grond, om aan te toon dat hy nie die verbouer van die dagga is nie.[113] Regter Bekker bevind dat dit nie eens nodig is om aan te toon dat die dagga slegs vir eie gebruik gekweek is nie, aangesien die verbod gemik is op die kweek van die plant, ongeag vir watter doel dit bestem is.

Die Wetgewer het geen definisie aangebied vir eienaar, okkupeerder, bestuurder of persoon in beheer nie en derhalwe word die betekenis

-------------------------

113. <u>S v Kgupane and others</u> 1975(2) SA73(T).

bepaal in samehang met die konteks van die betrokke wetgewing.[114] Al die terme impliseer dat 'n mate van beheer oor die grond uitgeoefen moet word.[115] "Eienaar" word in Buitendach and others v West Rand Proprietary Mines and another[116] omskryf as die persoon in wie die dominium gevestig is en op wie se naam die grond geregistreer is. 'n "Okkupeerder" sal iemand wees wat 'n perseel bewoon of wat die regte daarop uitoefen wat gewoonlik deur 'n eienaar uitgeoefen word.[117] Dit sluit persone soos die huurder en 'n onregmatige okkupeerder in. Snyman[118] is van mening dat 'n okkupeerder die grond fisies moet bewoon, beheer en kontrole daaroor uitoefen, welke bewoning en beheer vir 'n wesenlike tyd uitgeoefen moet word. 'n "Bestuurder" word omskryf as iemand wat in de facto beheer van die grond is, beheer het oor die ander werknemers, maar nog ondergeskik is aan die eienaar van die grond.[119] 'n Persoon is in beheer van die grond indien hy 'n mate van beheer oor die grond uitoefen. Hy hoef nie noodwendig op die perseel te woon of die bestuurder te wees nie.[120] As na die bogenoemde begrippe gekyk word is dit duidelik dat 'n werknemer[121] en 'n eggenote[122] nie binne die omskrywing val nie.

---

114. Madassa Anjuman Islamia v Johannesburg Municipal Council 1919 AD 439

115. S v Vulesangweni 1980(3) SA527(Tk).

116. Buitendach a.o. v West Rand Proprietary Mines a.o. 1952 TPD 745.

117. R v Lombard 1948(2) SA31(T); S v Mhlongo 1967(4) SA412(N).

118. Snyman Misdade Betreffende Afhanklikheidsvormende Medisyne p 105.

119. R v Schwartz 1931 TPD 142; Ex Parte Dreyer 1942 TPD 25.

120. S v Van Wyk 1962(1) SA 611(N); S v Guess Supra.

121. R v Mvimi 1960(2) PH H203.

122. S v Mkhungo 1968(3) SA 106(N).

In S v Van Zyl[123] en ook in S v James[124] is beslis dat "grond" geïnterpreteer moet word as 'n grondoppervlakte en nie as grond nie. Dit blyk dat die onderskeid getref word sodat slegs die kweker van dagga in tuin- of landbougrond ingesluit word en dat dit dan beteken dat die vermoede nie geld waar 'n persoon daggaplantjies in 'n pot kweek nie. Die vraag of grond bewerk is al dan nie is 'n feitlike vraag. Onder "bewerking" word die omspit, natlei en onkruidbeheer van grond verstaan.[125] Die vind van 'n daggaplant op die grond moet ook deur die staat bewys word. 'n Enkele plant of selfs slegs 'n gedeelte van 'n plant is voldoende en dit kan selfs ontwortel wees. Al vereiste wat volgens ons regspraak gestel word, is dat die plant nog nie verwerk moet wees nie.[126] Volgens die woordomskrywingsklousule is "plant" ook 'n gedeelte van 'n plant, die blare en stengels. In S v Maphalala[127] sê Regter Steyn indien "plant" nie beperk word tot onverwerkte plante nie, sal dit die resultaat gee dat iemand wat met 'n daggasigaret oor bewerkte grond loop sal handeldryf, maar sodra dieselfde persoon langs die land loop, hy slegs aan besit skuldig bevind sal word. Die Wetgewer kon seker nie sulke onsinnige gevolge beoog het nie.

---

123. 1975(2) SA489(N).

124. 1984(2) PH H 143 (C).

125. Vir 'n volledige bespreking sien p 20

126. S v Maphalala 1977(4) SA607(O).

127. Supra.

Die toets of 'n persoon bewus was van die daggaplante op sy grond is subjektief.[128] Die vervolging kan ook steun op die feit dat die beskuldigde redelikerwys bewus kon gewees het van die dagga.[129] Op die oog af lyk hierdie toets objektief, maar uit die beslissing van S v Klopper[130] blyk dit dat die neiging al hoe meer na vore kom om 'n subjektiewe toets toe te pas. Die beslissing toon duidelik dat daar 'n verwarring ontstaan tussen opset en nalatigheid en ook tussen die gebruik van 'n objektiewe en subjektiewe toets. Dit is grotendeels toe te skryf aan die gebruik van die woord "redelikerwys" deur die Wetgewer.

c) Artikel 10(1)(d)

Hierdie artikel bepaal dat: "Indien dit by 'n vervolging in gevolge artikel 2(a) of (c) of artikel 3(a) bewys word dat die beskuldigde 'n afhanklikheidsvormende medisyne of plant waaruit sodanige medisyne vervaardig kan word, vervoer het, word dit geag dat die beskuldigde in sodanige medisyne handel gedryf het, tensy die teendeel bewys word."

In die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal[131] word "vervoer" gedefinieer as van een plek na 'n ander neem, oorbring, transporteer. Die term word nie beperk soos wat by Artikel 10(1)(e) die geval is, waar voertuig, vaartuig of dier spesifiek vermeld word, en die

---

128. Reed Supra op p 94; Snyman Supra op p 107; R v Moosa 1955(3) A442(A).

129. S v Sabasa 1971(4) SA26(T).

130. 1975(4) SA773(A)

131. Odendal op p 1275

gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word is dat die dra aan die persoon self ook vervoer daar sal stel.[132] Dit behoort egter nie die beskuldigde te benadeel nie want die persoon wat met dwelms aan sy persoon gevind word, het gewoonlik nie veel probleme om die hof te oortuig dat dit vir sy eie gebruik is nie. Vir die vermoede om aanwending te vind, moet die vervolging bewys dat die beskuldigde die dwelmmiddels vervoer het. As oorweging geskenk word aan die beslissing in S v Jacobs[133] sal die vermoede slegs gebruik kan word indien die beskuldigde inderdaad bewus was van die feit dat hy dwelmmiddels vervoer het. Dit word ook bevestig in die beslissing in S v Sefore.[134] In S v Jackson[135] is beslis dat waar daar van 'n voertuig gebruik gemaak is, hoef die beskuldigde nie noodwendig die bestuurder te wees nie; dit is voldoende om aan te dui dat die bestuurder van die voertuig onder die beheer van die beskuldigde was. Die vermoede oorvleuel in 'n groot mate met die vermoede in Artikel 10(1)(e) en die vervolging sal na gelang van die feitesituasie moet besluit watter vermoede gebruik gaan word en die vermoede sal dan aan die beskuldigde verduidelik moet word.

d) Artikel 10(1)(e)

Die vermoede lees soos volg: "Indien dit by 'n vervolging weens 'n oortreding van artikel 2(a) of (c) of artikel 3(a) bewys word dat die

---

132. S v Mokoena and others Supra; S v Van Staden 1981(2) SA481(ECD).

133. supra

134. 1985(2) PH H99(O).

135. 1974(1) SA327(C).

beskuldigde op of in beheer van 'n voertuig, vaartuig of dier was waarin of waarop afhanklikheidsvormende medisyne, of 'n plant waaruit sodanige medisyne vervaardig kan word, gevind is, of sodanige voertuig, vaartuig of dier vergesel het, word dit geag dat die beskuldigde in sodanige medisyne of plant handel gedryf het, tensy die teendeel bewys word."

Die vervolging moet, ten einde 'n suksesvolle beroep op die vermoede te kan doen, bewys dat die beskuldigde in of op die voertuig was, dit vergesel het of in beheer van die voertuig was.[136] Milton en Cowling[137] bepaal ook dat die vermoede slegs aanwending vind in gevalle waar die beskuldigde bewus was dat daar dwelmmiddels op die voertuig was. Dit blyk uit bogenoemde dat daar 'n duidelike onderskeid tussen artikels 10(1)(d) en 10(1)(e) is - by laasgenoemde is dit nie nodig om te bewys dat die voertuig inderdaad beweeg het nie. Om 'n voertuig te vergesel beteken volgens S v Mnguni[138] nie dat dit nodig is om in of op of selfs naby die voertuig te wees nie. Elke saak moet volgens eie meriete beoordeel word. Verder moet ook bewys word dat die dwelmmiddels in of op die betrokke voertuig gevind is. In R v M'dindinbu[139] en R v Moosa and others[140] is beslis dat die beskuldigde nie die werking van die vermoede teen hom kan ontduik deur

---

136. S v Dyalaweni 1983(3) SA768(OK).

137. F3 16.

138. S v Mnguni Supra.

139. 1959(4) SA373(C).

140. Supra.

die dwelmmiddels wat op die voertuig was by die venster uit te gooi voor hy gearresteer word nie. In S v Pillay,[141] 'n geval waar dagga, versteek in 'n trui in die beskuldigde se voertuig gevind is nadat hy vir die polisie weggejaag het, is bevind dat indien die dwelmmiddel in of op die voertuig versteek is, daar insgelyks vermoed word dat die beskuldigde van die bestaan en die aard daarvan bewus was. Die beskuldigde kon, onder die omstandighede van die jaagtog en omkopery, nie die werking van die vermoede teen hom weerlê nie. In S v Ngwenya[142] beslis appèlregter Jansen "Dit volg dus dat, as bv. in of op 'n voertuig dagga gevind word, dit vermoed word dat 'n persoon op die voertuig of in beheer daarvan, of wat dit vergesel in daardie dagga handel gedryf het, d.w.s. dat hy van die dagga bewus was, geweet het dat dit dagga is en dat hy bv. daaroor beheer uitgeoefen het met die oog daarop om dit te verkoop, ondanks sy wete dat dit ongeoorloof is." Hierdie vermoede moet dan deur die beskuldigde op 'n oorwig van waarskynlikhede weerlê word.

## 3. VERBODE AFHANKLIKHEIDSVORMENDE MEDISYNE

Afhanklikheidsvormende medisyne word beskryf as "'n stof in die Bylae van die Wet vermeld."[143] Die Bylae word onderverdeel in drie dele. Deel I lys die verbode afhanklikheidsvormende medisyne[144] wat die onderwerp van hierdie skripsie vorm. Ek sal derhalwe my bespreking

---

141. 1974(2) SA470(N).

142. Supra op 102 A.

143. Artikel 1 van Wet 41 van 1971.

144. Lys word gereeld hersien.

daartoe beperk. In terme van Artikel 15 kan die Minister van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling die Bylae wysig. Dagga en Mandrax (Metakoloon) is sekerlik die middels wat die meeste in ons regspraak ter sprake gekom het.[145] Heelwat kritiek is al uitgespreek teen die insluiting van dagga onder dié groep. Volgens die kritici bestaan daar geen konkrete bewys dat dagga tot die gebruik van ander dwelmmiddels lei nie en hulle beskou dit as 'n skadelose produk.[146] Vooraanstaande sosioloë en geneeshere se menings toon egter aan dat die Wetgewer korrek was om dagga as 'n verbode afhanklikheidsvormende medisyne te lys. C van der Burgh kom tot die gevolgtrekking in sy studie[147] dat "The use of dagga may be seen as a rite de passage into drug using circles or into the drug subculture."[148] Dr A D Bensusan is ook van mening "Our experience at the moment is that a "pot-acid" cult is developing and numbers of young people on dagga are turning to LSD as an adjunct or analternative" en verder "It is easy to visualize that a heavy dagga smoker who is experiencing the effects of a hallucinogenic substance has but a small step to take in order to experience a greater high from a more potent hallucinogen such as LSD."

Die vraag ontstaan oor hoe die vervolging kan bewys dat 'n bepaalde stof inderdaad 'n stof soos in Deel I van die Bylae genoem is. Indien 'n persoon onskuldig pleit en die aard van die stof word nie in geskil

-------------------------

145. Sien Aanhangsel "A".

146. Sien in die algemeen Kahn "Dagga and the Drugs Act" Supra op p 113.

147. Van der Burgh, Sosiale Probleme in die RSA ISDKN op 3-2-6.

148. Bensusan "The use and effects of dagga in South Africa - a medical assessment" SALJ p 116 op 121.

geplaas nie, is die getuienis van die persoon wat kennis dra van die stof, gewoonlik die ondersoekbeampte, wat lid is van die polisie en gereeld daarmee in aanraking kom, voldoende en sal dit as afdoende bewys aanvaar word.[149]

Die versuim van 'n beskuldigde om die ondersoekbeampte te kruisondervra oor sy bewerings dat die stof inderdaad 'n verbode afhanklikheidsvormende medisyne is, veral as hy in sy pleitverduideliking alle elemente van die misdryf in geskil geplaas het, sal die gevolg hê dat die ondersoekbeampte se getuienis op die aspek voldoende sal wees.[150] Indien die aard van die stof ontken word, moet 'n deskundige getuie geroep word om te bewys dat dit inderdaad 'n gelyste stof is wat die onderwerp van bespreking is. Die staat behoort hierdie getuie te lei aangaande sy deskundigheid en hy moet in alle opsigte 'n betroubare en geloofwaardige getuie wees. Die hof moet egter altyd die deskundige mening toets en dit nie sonder meer aanvaar nie.[151] 'n Hof kan nie geregtelik kennis neem dat 'n bepaalde stof inderdaad 'n gelyste stof is nie.[152] In S v Mantini[153] is beslis dat die landdros fouteer indien hy sy persoonlike kennis van die eienskappe van daggaplante en die kweek daarvan gebruik om 'n beslissing te maak.

---

149. R v Kolisi 1960(2) SA374(E); S v Letimela 1979(2) SA33(B).

150. S v Ntholeng 1952(3) SA396(O); S v Gentle 1983(3) SA45(N); S v Witbors 1975(4) SA641(NK).

151. S v Kaptein 1984(3) SA316(K); S v Fairleigh 1979(1) PH H 87(N).

152. S v Mulligan 1975(2) SA111(T); S v Bertrant 1975(4) SA142(K).

153. 1990(2) SASV236(OK)

Daar bestaan twyfel of 'n erkenning wat 'n beskuldigde maak tydens die artikel 112(1)(b) ondervraging,[154] oor die aard van die stof, voldoende bewys van die feit is.[155] In twee Kaapse beslissings is beslis dat die beskuldigde nie in staat is om die feit te erken nie terwyl in S v Booysen[156] gesê is dat geen verdere getuienis aangebied hoef te word nie indien die beskuldigde die feit erken nie. In S v Chetty[157] is beslis dat die hof nie oortuig kan wees dat 'n stof Mandrax is bloot as gevolg van die erkenning van die beskuldigde in sy Artikel 112(1)(b)[158] verklaring nie. In Natal is bevind in S v Ndlela[159] dat 'n beskuldigde nie 'n erkenning kan maak waarvan die inhoud nie tot sy persoonlike kennis strek nie. Schmidt[160] is van mening dat 'n beskuldigde nooit kan erken wat die samestelling van 'n spesifieke tablet is wat hy nie self ontleed het nie.

## 4. WEDERREGTELIKHEID

'n Handeling word as wederregtelik beskou indien dit in stryd is met die maatstawwe van die regsorde as geheel, en nie slegs met 'n bepaalde verbodsomskrywing nie.[161] Die toets vir wederregtelikheid

-------------------------

154. Wet 51 van 1977.

155. S v Chetty 1984(1) SA411(T); S v Arendse 1985(2) SA103(K).

156. 1984(2) SA95.

157. supra

158. Wet 51 vav 1977

159. supra

160. Schimdt Bewysreg p199

161. Snyman Strafreg Tweede Uitgawe p 96.

is die toets van die objektiewe redelikheid of die boni mores.[162] Die Wet skep op die huidige stadium geen regverdigheidsgrond wat die handeldryf in, of besit van verbode afhanklikheidsvormende medisyne magtig nie. In sy voorganger[163] wat tans komplementêr tot die wet aanwending vind, skep artikel 22 A(10) tans die uitsondering dat sekere verbode afhanklikheidsvormende medisyne onder permit vir navorsings- en analitiese doeleindes verkry kan word.[164] Hierdie verweer kan om voor die hand liggende redes nie aangewend word in die 1971-wet nie - een wet se verweer kan nie op 'n ander wet geopper word nie. Wet 80 van 1973 het artikel 4 A tot die huidige wet ingevoeg wat voorsiening gemaak het dat skriftelike magtiging deur die Minister van Gesondheidsdienste, Welsyn en Behuising verleen kan word om afhanklikheidsvormende medisyne waaronder Deel I-stowwe ingesluit is vir navorsingsdoeleindes aan te skaf.[165] Hierdie bepaling is egter in 1977 herroep deur Wet 14 van 1977. Alhoewel daar dus geen statutêre regverdigingsgronde bestaan nie, is daar myns insiens geen rede waarom gemeenregtelike regverdigingsgronde soos dwang en noodtoestand nie aanwending kan vind nie. Die howe sal elke geval se meriete oorweeg en die geslaagdheid al dan nie daarvan bepaal.

## 5. SKULD

Dit staan vas dat skuld 'n vereiste by alle gemeenregtelike misdrywe is. Dit word voorgehou dat dit ook die posisie by statutêre misdrywe

---

162 Van Der Merwe & Olivier Die Onregmatige Daad in die Suid-Afrikaanse Reg Sesde Uitgawe p 49. Minister van Polisie v Ewels 1975(3) SA590(A)

163. Wet 101 van 1965.

164. S v Mackay 1975(4) SA98(N); S v Nkosi

165. S v Henman 1974(4) SA277(E).

behoort te wees, maar die Wetgewer is by magte om skuldlose aanspreeklikheid te skep.[166] Die Wetgewer swyg in die Wet oor die skuldvorm wat geld vir die misdrywe wat geskep word. Dit is egter duidelik dat daar nie van nalatige handeldryf gepraat kan word nie. Onder Wet 13 van 1928 was opset die vereiste skuldvorm[167] - hierdie skuldvorm is ook vir die nuwe wet in ons regspraak aanvaar.[168] Die bewyslas om opset te bewys berus op die vervolging.[169] In S v Du Toit[170] merk die regter soos volg op: "As to the matter of onus, it is now clear that the onus if providing mens rea is on the prosecution throughout. There is no onus on the accused." Die mens rea moet bestaan uit die kennis van die beskuldigde dat die stof 'n verbode afhanklikheidsvormende medisyne is en dat dit wederregtelik is om daarin handel te dryf.[171] Dit volg logies dat die beskuldigde ook die bedoeling moes gehad het om handel te dryf of om een van die handelinge te verrig wat die Wet strafbaar stel. In S v Cornelissen[172] word beslis dat 'n polisielokvink nie skuldig bevind kan word aan handeldryf nie aangesien hy tydens sy aktiwiteite as lokvink nie die nodige mens rea gehad het nie.

## 6. ALGEMEEN

Die Wet op Beheer van Medisyne en Verwante Stowwe, Wet 101 van 1965,

---

166. S v De Blom 1977(3) SA513(A).

167. R v Senlenti 1946(1) PH K 51; S v Zwane 1961(2) PH H 204.

168. S v Ngwenya Supra op 100 A-B.

169. S v Job 1976(1) SA209(NK); S v Cowley 1976(1) SA376(OK) Contra S v Qunta 1984(3) SA334(K).

170. 1981(2) SA33(K) op 38.

171. S v Hlomza 1987(1) SA25(A).

172. 1990(2) SASV472(K)

is tans nog van krag en bevat sekere bepalings wat oorvleuel met die bepalings van Wet 41 van 1971. Artikel 22 A(10) van Wet 101 van 1965 bepaal: "Niemand mag -

(a) 'n Bylae 8-stof verkry, gebruik, besit, vervaardig of invoer nie behalwe vir analitiese of navorsingsdoeleindes en tensy 'n permit vir bedoelde verkryging, gebruik, besit, vervaardiging of invoer aan hom deur die Direkteur-generaal op aanbeveling van die raad uitgereik is; of

(b) 'n plant of deel daarvan waaruit so 'n stof afgetrek, verkry, voortgebring of vervaardig kan word, verkry, invoer, insamel, kweek, aanhou of uitvoer nie, tensy 'n permit om sodanige plant of 'n deel daarvan te verkry, in te voer, in te samel, te kweek aan te hou of uit te voer aan hom deur die Direkteur-generaal op aanbeveling van die raad uitgereik is."

Dagga word onder andere gelys in die bylae van die gemelde Wet. Die vraag onstaan nou op welke wyse hierdie oorvleueling hanteer moet word. Die vervolging het gereeld gebruik gemaak van hierdie oorvleueling om 'n persoon aan te kla vir beide die besit van dagga en die besit van Mandrax waar die persoon gelyktydig in besit daarvan was.[173] Regter Rose-Innes het in S v Julius[174] hierdie gebruik veroordeel en bevind dat "In hierdie geval is die beskuldigde deur die polisie betrap toe hy saam met 'n groep van sy maters op straat 'n bottelkoppyp dagga gesit en uitrook het. Dit is klaarblyklik 'n geval

---

173. S v Phillips 2984(4) SA536(K);S v Diedericks 1984(3) SA814(K).

174. 1983(2) SA442(K).

wat onder artikel 2(b) van die 1971-wet aangekla moes word, en nie onder die 1965-wet nie wat bedoel was eerder vir die beheer van sekere medisyne, onder meer dagga, dan die misbruik daarvan, al oorvleuel die Wetsbepalings mekaar op die wyse wat ek hierbo genoem het." Hierdie standpunt is bevestig in S v Festers[175] waar regter Baker tot gevolgtrekking kom dat daar 'n botsing in die bepalings van die twee Wette is betreffende die gelyktydige besit van dagga en Mandrax en dat die latere Wet voorkeur geniet. Artikel 2 van die Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary[176] bepaal dat dié Wet nie ter vervanging van die Medisynewet of regulasies daarkragtens uitgevaardig, geld nie maar wel geld benewens die bepalings daarvan. Dit is dan ook net 'n bevestiging van die status quo op hierdie aspek.

Die Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary, wat die verouderde 1971-wet gaan vervang, is te verwelkom. Eerstens is hierdie Wet, met sy hoofstukke wat handel oor die opbrengs van dwelmsmokkelary, meer in lyn met die ontwikkelings wat gemaak word op die gebied van die internasionale veldtog teen dwelmsmokkelary. Die Wet is daarop gemik om die dwelmsmokkelaar vas te vat in die gebied waar dit die seerste sal maak; deur aan sy sak (finansies) te raak.

Tweedens is daar ook 'n meer werkbare skema opgestel deur die misdrywe met betrekking tot die besit en gebruik van dwelmmiddels

---

175. 1985(4) SA242(K).

176. Wet 140 van 1992.

en die handeldryf daarin, in afsonderlike artikels te vervat. Artikel 13(1)(a) maak dit nou ook 'n misdryf om 'n dwelmmiddel op die perseel, in die voertuig, vaartuig of lugvaartuig van iemand anders te plaas, met die opset dat laasgenoemde van 'n misdryf ingevolge hierdie Wet aangekla word.

Myns insiens is die mees positiewe aspek van hierdie wetgewing die uitbreiding van die vermoedens om te bepaal dat indien iemand in of op 'n skoolterrein, of binne 'n afstand van 100 meter van die grens van die bepaalde skoolterrein in besit van 'n afhanklikheidsvormende stof gevind word, daar vermoed word dat die beskuldigde in sodanige stof handel gedryf het.[177]

## 6. SLOTSOM

Die aspekte wat hierbo bespreek is, dek slegs die belangrikste aspekte van die strafregtelike aanspreeklikheid vir handeldryf in verbode afhanklikheidsvormende medisyne. Ek het byvoorbeeld nie eens die ingrypende verbeurdverklaringsbepalings, soos neergelê in artikel 8 van die wet, die uitgebreide magte van 'n polisiebeampte in artikel 11 en die aanhouding van persone vir ondervraging kragtens artikel 13, aangeraak nie.

---

177. Artikel 21(1)(a)(ii).

As daar teruggekyk word na die afgelope 20 jaar wat die Wet op Misbruik van Afhanklikheidsvormende Medisyne en Rehabilitasiesentrums van krag is, is dit duidelik dat die wet deur baie groeipyne gegaan het en baie onduidelikheid deur die geregshowe opgeklaar moes word. Daar is egter verskeie aspekte wat die Wetgewer weer aandag aan sal moet gee soos byvoorbeeld die feit dat daar geen onderskeid getref word tussen geringe en ernstige gevalle van verbouing nie, sodat die natlei van een daggapotplant vir eie gebruik ook handeldryf daarstel. Die Wetgewer kan ook oorweging skenk aan die moontlikheid om die handelsname van die spesifieke dwelmmiddels ook in die bylae aan te bring (soos alreeds met metakoloon gedoen is). Dit sal groter duidelikheid gee aan die algemene publiek oor presies watter stowwe deur wetgewing as verbode afhanklikheidsvormende medisyne gelys is.

Dit bly nog 'n debatteerbare punt of die ingrypende stappe wat die Wetgewer beliggaam het in hierdie Wet inderdaad noodsaaklik was en of dit werklik die sukses behaal het waarop daar gehoop is. Ek is egter van mening dat die Wetgewer op 'n kritieke stadium ingegryp het en daardeur wel in sy doel geslaag het.

## AANHANGSEL "A"

### VERBODE AFHANKLIKHEIDSVORMENDE MEDISYNE

Alle stowwe genoem in hierdie Bylae sluit die volgende in:

(a) die isomere van die stowwe waar die bestaan van sodanige isomere in die bepaalde chemiese verbinding moontlik is;
(b) die esters en eters van die stowwe en die isomere daarvan, waar die bestaan van sodanige esters en eters moontlik is;
(c) die soute van die stowwe of die isomere daarvan of die esters of eters van bedoelde stowwe of die isomere daarvan, waar die bestaan van sodanige soute moontlik is; en
(d) alle preparate en mengsels van die stowwe waar sodanige preparate en mengsels nie uitdruklik uitgesluit word nie.

Amfetamien.
Bereide opium.
Bufotenien (N,N-dimetielserotonien).
Cannibis (dagga) en die hele plant of enige gedeelte of produk daarvan.
Deksamfetamien.
Dietieltriptamien [3-(2-(ditielamino)-etiel)-indool].
Dimetieltriptamien [3-(2-(dimetielamino)-etiel)-indool].
Fenmetrasien.
Fensiklidien en sy soortgenote N-etiel-1-fenielsikloheksielamien (PCE), 1-(1-fenielsikloheksiel)pirrolidien (PHP of PCYP) en 1-[1-(2-tieniel)sikloheksiel]piperidien (TCP).
Harmalien (3,4-dihidroharmien).
Harmien [7-metoksi-1-metiel-9H-pirido (3,4-b)-indool].
Heroien (diasetielmorfien).
Kokablaar.
Lisergied (lisergiensuurdietielamied).
Meskalien (3,4,5-trimetoksifenetielamien).
Metakaloon, met inbegrip van Mandrax, Isonox, Quaalude of enige ander preperaat wat metakaloon bevat en onder enige ander handelsnaam bekend staan.
Metamfetamien.
Metileendioksiamfetamien (MDA).
4-Metiel-2,5-dimetoksiamfetamien (DOM) en sy derivate.
Psilosibien (4-fosforieloksi-N,N-dimetieltriptamien).
Psilosien (4-hidroksidimentieltriptamien).
Tetrahidrokannabinol.

# BIBLIOGRAFIE


**ANNUAL SURVEY OF SOUTH AFRICAN LAW,** 1971

**BENSUSAN A D,** "The Use and Effects of Dagga in South Africa - A Medical Assessment" 1972 - South African Law Journal 116

**DEBATTE VAN DIE VOLKSRAAD** Kolom 5994. (5 Mei 1971)

**DEBATTE VAN DIE VOLKSRAAD** Kolom 6006. (5 Mei 1971)

**KAHN E,** "Dagga and the Drugs Act" 1972 South African Law Journal 105

**KLOPPER C F,** "S v Van Zyl 1975(2) PH H 128 - Handel in Dagga" 1976 Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg 184

**MILTON J R L,** South African Criminal Law and Procedure Vol III Statutory Offences 1988

**ODENDAL F F,** Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal 1979

**RAUTENBACH I,** "Aspekte van die Reg rakende Afhanklikheidsvormende Stowwe" 1972 Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg 352

**RAUTENBACH I,** "Afhanklikheidsvormende Stowwe en die Reg 1973 Misdaad Straf en Hervorming 31

**REED D,** Drug Offences in South Africa 1978

**RYCROFT A J,** "Three Years Later: A Note on the Drugs Act" Natal University Law Review 1975, 179

**SCHMIDT C W H,** Bewysreg (derde uitgawe) 1989

**SIMON L,** "Dependence Producing Substances. Some Aspects of the Abuse of Dependence Producing Substances and Rehabilitation Centres Act 41 of 1971" 1977 De Rebus Procuratoriis 311

**SNYMAN C R,** Misdade Betreffende Afhanklikheidsvormende Medisyne 1974

**SNYMAN C R,** Strafreg (tweede uitgawe) 1986

**SNYMAN C R,** "Watering the dagga pot-plant: A questionable reward" 1975 South African Law Journal 372

**THERON F,** "Dagga and the Law: A Sociological Perspective" 1973 Misdaad Straf en Hervorming 43

**VAN DEN BURGH C,** "The Incidence of Drug Use among 4 588 young male Subjects with Particular Refence to Dagga: A Preliminary Report" Sosiale Probleme in die RSA 1979

**VAN DER VYVER J D,** "Legal Aspects of Drug Control in South Africa" 1983 De Jure 154

**VAN DER WESTHUIZEN J B,** "Welkome Nuwe Benaderings in Dagga Sake" 1976 De Rebus Procuratoriis 81

**VOLGRAAF P J,** "Artikel 10(1)(d) Wet 41 van 1971" 1984 Die Landdros 162

LYS VAN GEWYSDES


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| Adams | 1986(3) SA 733 (KPA) | 10,11 |
| Alexander | 1954(3) SA 383 (N) | 23 |
| Arendse | 1985(2) SA 103 (K) | 43 |
| Baadjies | 1977(3) SA 733 (OK) | 17 |
| Balla, Patel | 1940 CPD 214 | 25 |
| Batshise | 1982(1) SA 976 (T) | 4,24 |
| Bertrand | 1975(4) SA 142 (K) | 43 |
| Bester | 1977(2) SA 141 (NKA) | 9 |
| Bodigelo | 1982(1) SA 568 (NK) | 27 |
| Booysen | 1984(2) SA 411 (T) | 43 |
| Brown | 1984(3) SA 399 (K) | 30 |
| Buitendach & others v West Rand Proprietary Mines & another | 1952 TPD 745 | 35 |
| Buthelezi | 1968(2) SA 714 (N) | 21 |
| Buxton v Burfield | (1902) 23 NLR 197 | 28 |
| Chetty | 1984(1) SA 411 (T) | 43 |
| Clearwater Tea Manufacturing | 1975(3) SA 865 (RAD) | 28 |
| Coetzer | 1976(2) SA 769 (AD) | 16 |
| Collins | 1990(1) SASV 577(A) | 26 |
| Cornelissen | 1990(2) SASV 472 (K) | 46 |
| Cowley | 1976(1) SA 376 (OK) | 46 |
| Crawford | 1978(1) SA 640 (O) | 14 |
| Crawford | 1979(2) SA 48 (A) | 14,15 |
| Crawley | 1909 TS 1105 | 22 |
| Cronje | 1976(2) SA 62 (C) | 24 |
| Danster | 1976(3) SA 668 (SWA) | 26 |
| De Blom | 1977(3) SA 513 (A) | 45 |
| Dhlamini | 1957(2) PH H 161 (N) | 21 |
| Diedericks | 1984(3) SA 814 (K) | 47 |
| Dube | 1978(1) PH H 111 (NC) | 18 |
| Du Preez | 1976(2) PH H 127 (C) | 25 |
| Du Toit | 1981(2) SA 35 (K) | 46 |
| Dayalaweni | 1983(3) SA 768 (OK) | 39 |
| Ebrahim | 1974(2) SA 78 (N) | 23 |
| Engelbrecht | 1975(4) SA 909 (NPD) | 8 |
| Ex Parte Dreyer | 1942 TPD 25 | 36 |
| Fairleigh | 1979(1) PH H 87 (N) | 43 |
| Festers | 1985(4) SA 242(K) | 47 |
| Fonds Adviseurs Bpk v Trust Bank van Afrika Beperk | 1974(4) SA 883 (A) | 25 |
| Gentle | 1983(3) SA 45 (N) | 42 |
| Gibson | 1974(4) SA 478 (A) | 15,26 |
| Govender | 1976(4) SA 949 (N) | 9,14 |
| Guess | 1976(4) SA 715 (A) | 9,30,36 |
| Gwabeni | 1977(2) SA 27 (OK) | 17 |
| Hamukoto | 1977(3) SA 604 (A) | 22 |
| Henman | 1974(4) SA 277 (E) | 45 |
| Hlomza | 1987(1) SA 25 (A) | 46 |
| Hoosain | 1987(3) SA 1 (A) | 24,31 |

| | | |
|---|---|---|
| Jackson | 1974(1) SA 327 (C) | 38 |
| Jackson;Phillips | 1990(2) SASV 505 (E) | 12 |
| Jacobs | 1989(1) SA 562 (A) | 33,38 |
| James | 1984(2) PH H 143 (C) | 36 |
| Jaspan | 1940 AD 9 | 30 |
| Job | 1976(1) SA 209 (NK) | 46 |
| Joubert | 1976(1) PH H 91 (A) | 26 |
| Julius | 1983(2) SA 442 (K) | 47 |
| Kaptein | 1984(3) SA 317 (K) | 43 |
| Kgupane | 1979(2) SA 73 (T) | 15,35 |
| Kolisi | 1960(2) SA 374 (E) | 42 |
| Kubeka | 1972(1) PH H 58 (N) | 33 |
| Langa | 1990(2) SASV 191 (N) | 43 |
| Letimela | 1979(2) SA 33 (B) | 42 |
| Lombard | 1948(2) SA 31 (T) | 35 |
| Mabuya | 1979(3) SA 425 (O) | 7 |
| Mackay | 1975(4) SA 98 (W) | 44 |
| Madassa Anjuman Islamia v Johannesburg Municipal Council | 1919 AD 439 | 35 |
| Majola | 1976(1) SA 339 (NPA) | 23 |
| Mashlangho | 1983(4) SA 292 (T) | 34 |
| Majenge | 1978(2) SA 661 (O) | 11,17 |
| Malambo | 1971(4) SA 172 (W) | 18 |
| Mantini | 1990(2) SASV 236 (OK) | 43 |
| Maphala | 1977(4) SA 607 (O) | 37 |
| Maphile | 1975(1) SA 647 (NC) | 23 |
| Matthews | 1950(3) SA 617 (N) | 19 |
| M'dindinbu | 1959(4) SA 373 (C) | 40 |
| Mhlongo | 1967(4) SA 412 (N) | 35 |
| Minister van polisie v Ewels | 1975(3) SA 590 (A) | 40 |
| Mjoli | 1968(3) SA 397 (T) | 6 |
| Mkhungo | 1968(3) SA 106 (N) | 21,36 |
| Mngadi | 1969(1) SA 129 (N) | 18 |
| Mnguni | 1962(3) SA 662 (N) | 40 |
| Mokoena | 1974(4) SA 374 (O) | 9,18,38 |
| Moosa | 1960(3) SA 17 (A) | 31,37,40 |
| Morgan, Watson | 1979(2) SA 609 (O) | 10 |
| Motete | 1977(1) PH H 90 (O) | 15 |
| Mphela | 1987(2) SA 643 (T) | 19 |
| Mphunzi | 1938 EDL 317 | 29 |
| Mvimi | 1960(2) PH H 203 | 36 |
| Mulligan | 1975(2) SA 111 (T) | 43 |
| Ncube | 1977(3) SA 745 (T) | 16,17 |
| Ndaba | 1962(3) SA 202 (W) | 21 |
| Ndlela | 1984(4) SA 131 (N) | 32,44 |
| Ngwenya | 1962(2) SA 690 (T) | 40,45 |
| Nkosi | 1972(2) SA 753 TPD | 3,44 |
| Norden | 1977(2) SA 51 (AD) | 9,14 |
| Ntholeng | 1952(3) SA 396 (O) | 42 |
| Ntshingila | 1980(3) SA 883(N) | 8,11 |

| | | |
|---|---|---|
| Pennels 1977(1) SA 809 (W) 32 | | |
| Phillips | 1984(4) SA 536 (K) | 47 |
| Phungula | 1974(2) SA 58 (W) | 31 |
| Pillay | 1974(2) SA 470 (N) | 40 |
| Qunta | 1961(2) PH H 204 | 46 |
| Rabinowitch & another v De Beers Consolidated Mines Ltd & another | 1958(3) SA 619 (AD) | 8 |
| Radloff | 1978(4) SA 66 (A) | 30 |
| Rowles | 1977(2) SA 440 (O) | 16 |
| Sabasa | 1971(4) SA 26 (T) | 37 |
| Schwartz | 1931 TPD 142 | 36 |
| Sefore | 1985(2) PH H99(O) | 38 |
| Senlenti | 1946(1) PH K 51 (C) | 45 |
| Shangase | 1972(2) SA 410 (N) | 30 |
| Sikhosana | 1973(1) SA 322 (O) | 4 |
| Singh | 1960(3) SA 489 (E) | 13 |
| Solomon | 1986(3) SA 705 (A) | 12,13,16,18 |
| Thomas | 1978(2) SA 408 (A) | 18 |
| Tow | 1975(4) SA 686 (NC) | 22 |
| Van Der Merwe | 1974(4) SA 310 (E) | 20 |
| Van Staden | 1981(2) SA 555 (W) | 38 |
| Van Zyl | 1975(2) PH H 128 (N) | 20 |
| Van Zyl | 1975(4) SA 686 (NC) | 36 |
| Vulesangweni | 1980(3) SA 527 (TK) | 35 |
| Walker | 1979(2) PH H 142 (K) | 17 |
| Williams | 1987(3) SA 126 (C) | 12 |
| Wilson | 1962(2) SA 619 (A) | 31 |
| Witbors | 1975(4) SA 316 (K) | 42 |
| Zwane | 1961(2) PH H 204 | 45 |

## REGISTER VAN WETGEWING

| Nr | Jaar | Kort Titel | Bladsy |
|---|---|---|---|
| 48 | 1903 | Dagga Prohibition Ordinance | 1 |
| 36 | 1905 | Opium Importation Ordinance | 2 |
| 35 | 1922 | Doeane en Aksijnsrechten Wijzigingswet | 2 |
| 13 | 1928 | Geneeshere, Tandartse en Aptekers | 2,45 |
| 101 | 1965 | Beheer van Afhanklikheidsvormende Stowwe | 2,44,46 |
| 41 | 1971 | Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe | 2,4,13,46 |
| 80 | 1973 | Wysigingswet op Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe | 45 |
| 14 | 1977 | Wysigingswet op Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe | 45 |
| 140 | 1992 | Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary | 4,48 |

# REGISTER VAN BEGRIPPE


| | Bladsy |
|---|---|
| Aanbied vir verkoop ........................ | 22 |
| Adverteer vir verkoop ...................... | 23 |
| Beheer ...................................... | 32,33,34,35,36,39,<br>40,41,48 |
| Besit vir verkoop .......................... | 25 |
| Bestuurder .................................. | 35,36,39 |
| Bewerkte grond ............................. | 35,37 |
| Bewyslas .................................... | 7,30,31,46 |
| Boni Mores .................................. | 45 |
| Bylae ........................................ | 4,5,34,41,42,47,50 |
| Daadwerklike handeldryf .................... | 7 |
| Dagga........................................ | 1,2,7,9,10,11,13,14,<br>15,16,21,22,24,28,31,<br>32,33,34,35,37,38,41,<br>42,47,48 |
| De minimis non curat lex .................. | 20 |
| Eienaar ..................................... | 23,35,36 |
| Grond ....................................... | 21,35,36,37,38 |
| Handeldryf .................................. | 2,5,6,7,8,9,10,11,12,<br>13,16,17,18,19,20,21,<br>22,23,24,25,26,27,28,<br>30,31,34,37,46,49,50 |
| Handeling verrig in verband met ........... | 6,24 |
| In beheer ................................... | 35,36,40,41 |
| In besit wees ............................... | 32 |
| In besit gevind word ....................... | 32 |
| Insameling .................................. | 6,7,14 |
| Invoer ...................................... | 2,6,15,16,20,47 |
| Lewering .................................... | 6,9,10,16,17,18 |
| Mandrax ..................................... | 25,27,42,44,47,48 |
| Mens rea .................................... | 46 |
| Nalatigheid ................................. | 38 |
| Okkupeerder ................................. | 35,36 |
| Oorlaai ..................................... | 6,7,18 |
| Opset ........................................ | 34,38,46,49 |
| Persoon in beheer .......................... | 35 |
| Regverdigingsgronde ........................ | 45 |
| Teenprestasie ............................... | 16,22,26,28 |
| Toediening .................................. | 6,19 |
| Uitstal ...................................... | 22,23,25 |
| Uitvoer ..................................... | 2,6,15,20,30,47 |

Verbeurdverklaring .......................... 49
Verbode Afhanklikheidsvormende Medisyne .... 4,5,7,24,27,31,32 34,41,42,43,45,46 49,50
Verbouing .................................. 6,16,20,21,50
Verkoop .................................... 2,6,7,15,16,21,22, 23,24,25,41
Vermoedelike handeldryf .................... 7,30
- art 10(1)(a)
- art 10(1)(b)
- art 10(1)(d)
- art 10(1)(e)
Verruil .................................... 7,22,27,28
Versending ................................. 2,6,20,29
Vervaardiging .............................. 6,29,47
Vervoer .................................... 2,14,38,39
Voorskryf .................................. 6,30

Wederregtelikheid .......................... 44
Wetgewer ................................... 1,8,9,10,11,12,16,17 19,21,22,25,26,28,29 30,31,35,37,38,42,46 50